

# *Inhoud*

<b>Dankbetuiging</b> .....	<b>ii</b>
<b>Voorwoord</b> .....	<b>iii</b>
<b>HOOFSTUK 1</b> .....	<b>1</b>
Musiekteorie .....	1
<b>HOOFSTUK 2</b> .....	<b>27</b>
Harmonie .....	27
<b>HOOFSTUK 3</b> .....	<b>52</b>
Akkoordvreemde note en versierings .....	52
<b>HOOFSTUK 4</b> .....	<b>68</b>
Sekondêre dominante en sekondêre leitoon-akkoorde .....	68
<b>HOOFSTUK 5</b> .....	<b>80</b>
Modulasie .....	80
<b>HOOFSTUK 6</b> .....	<b>94</b>
Melodieskryf .....	94
<b>HOOFSTUK 7</b> .....	<b>108</b>
Tweestemmige kontrapunt .....	108
<b>HOOFSTUK 8</b> .....	<b>129</b>
Musiekgeskiedenis .....	129
<b>HOOFSTUK 9</b> .....	<b>146</b>
Harmoniese analise .....	146
<b>HOOFSTUK 10</b> .....	<b>169</b>
Vormontleding .....	169
<b>HOOFSTUK 11</b> .....	<b>183</b>
Musiekuitdrukking .....	183
<b>BIBLIOGRAFIE</b> .....	<b>188</b>

# HOOFSTUK 1

## Musiekteorie





### Afbakening van die verskillende leerplanne

<b>UNISA</b>	Verminderde vierklanke (slegs vii <sup>o</sup> ) soos bespreek onder no. 1.8.1.
<b>ABRSM</b>	Alles, tensy anders aangedui in 'n voetnota.
<b>Trinity Guildhall</b>	Alles, tensy anders aangedui in 'n voetnota.

Meeste afdelings in hierdie hoofstuk is reeds in vorige grade behandel. Gevolglik is oormatige oefeninge nie ingesluit nie.

### 1.1 Sleutels


Tabel 1.1 is 'n opsomming van die verskillende sleutels, hulle name en die posisie van middel-C:

 <ul style="list-style-type: none"><li>• G-sleutel</li><li>• Sopraansleutel</li><li>• Diskantsleutel</li></ul>	 <ul style="list-style-type: none"><li>• Altsleutel</li></ul>	 <ul style="list-style-type: none"><li>• Tenoorsleutel</li></ul>	 <ul style="list-style-type: none"><li>• Bassleutel</li><li>• F-sleutel</li></ul>
--------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------	-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------	-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------	-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------

Tabel 1.1

### Oefening 1.1

Skryf die korrekte sleutel voor elkeen van die volgende note:



The exercise consists of two staves of musical notation. Each staff contains six notes. Below each note is its letter name and any accidentals. The notes and their names are: E<sup>x</sup>, A, C<sup>b</sup>, E<sup>bb</sup>, A, D<sup>#</sup> on the first staff; and G, B<sup>#</sup>, D<sup>b</sup>, C<sup>x</sup>, D, F<sup>bb</sup> on the second staff.

## Chromatiese toonleer



- ⇒ Die chromatiese toonleer bestaan slegs uit halftone.
- ⇒ Al die note, behalwe die tonika en dominant, word twee keer geskryf.

## Pentatoniese toonleer<sup>2</sup>

### Pentatoniese majeur toonleer

Bestaan uit die note van die majeur toonleer waarvan die 4<sup>de</sup> en 7<sup>de</sup> toontrappe uitgelaat is.




### Pentatoniese mineur toonleer

Bestaan uit die note van die natuurlike mineur waarvan die 2<sup>de</sup> en 6<sup>de</sup> toontrappe uitgelaat is.



## Blues toonleer<sup>2</sup>

Bestaan uit die note van die majeur toonleer waarvan die 2<sup>de</sup> en 6<sup>de</sup> toontrappe uitgelaat is en 'n verlaagde 3<sup>de</sup>, 5<sup>de</sup> en 7<sup>de</sup> bygevoeg is. Die verlaagde note staan as "blue-note" bekend. Die verlaagde dominant kan deur die verhoogde 4<sup>de</sup> toontrap vervang word. Die insluiting van die diatoniese 3<sup>de</sup>, 5<sup>de</sup> en 7<sup>de</sup> toontrappe is opsioneel.



## Oefening 1.3

Skryf die volgende toonlere:

A<sup>b</sup> majeur afgaande in die diskantsleutel. Skryf sonder toonsoortteken.



C<sup>#</sup> melodiese mineur opgaande in die altsleutel. Skryf met toonsoortteken. Skryf die toonleer in enkelvoudige vierslagmaat.

<sup>2</sup> Slegs vir die Trinity Guildhall leerplan voorgeskryf.

# Hersiening

1. Beantwoord die vrae wat op die volgende uittreksel uit Corelli se Sonate No.12, Op. 2 gebaseer is:

**SONATA XII.**  
*Ciaccona*

- 1.1 Wat beteken die volgende woorde? Soek dit op in 'n musiekwoordeboek of op die internet.

Violino I \_\_\_\_\_

Violino II \_\_\_\_\_

Cembalo \_\_\_\_\_


- 1.2 Watter instrument dink jy het uit die violone ontwikkel? \_\_\_\_\_

- 1.3 Watter vorm van notasie is vir die cembalo se musiek gebruik?

\_\_\_\_\_.


## HOOFSTUK 2

### Harmonie



#### 2.1 Opsomming: aspekte van harmonie wat in vorige grade behandel is

##### 2.1.1 Omvang van die verskillende stemme



Vb. 2.1

##### 2.1.2 Maksimum afstand tussen die verskillende stemme



Vb. 2.2

##### 2.1.3 Verdubbeling van note

Majeur drieklank	
Grondposisie	Eerste omkering
<ul style="list-style-type: none"> <li>⇒ Die grondnoot of die vyfde kan verdubbel word, maar verkieslik die grondnoot.</li> <li>⇒ Die besyfering word deur die drieklank of die drieklank gevolg deur 'n "a" aangedui, byvoorbeeld I of Ia.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>⇒ Die verdubbeling is dieselfde as majeur drieklank in grondposisie.</li> <li>⇒ Die besyfering word deur die drieklank gevolg deur 'n "6" of 'n "b" aangedui, byvoorbeeld I<sup>6</sup> of Ib.</li> </ul>
Tweede omkering	Verdriedubbeling van die grondnoot
<ul style="list-style-type: none"> <li>⇒ In tweede omkering word die vyfde verdubbel.</li> <li>⇒ Die besyfering word, as byvoorbeeld, I<sub>4</sub><sup>6</sup> of Ic aangedui.</li> <li>⇒ Meestal verskyn slegs die primêre akkoorde in tweede omkering.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>⇒ Die grondnoot kan verdriedubbel word en die vyfde weggelaat word. Die derde mag nie weggelaat word nie.</li> <li>⇒ Verdriedubbeling kan slegs in grondposisie en eerste omkering gebruik word.</li> </ul>

## Oefening 2.1 (vervolg)

c:  $i_4^6$  C: iii  $g^\sharp$ :  $III^{+6}$  G:  $IV_4^6$   $G^\flat$ :  $vi^6$   
 E: V  $f^\sharp$ :  $VI^6$   $A^\flat$ :  $vii^{o6}$   $d^\sharp$ :  $III^{+6}$   $C^\flat$ : I  
 $a^\sharp$ :  $V_4^6$  e: i D:  $vi^6$   $D^\flat$ :  $I_4^6$   $e^\flat$ :  $ii^{o6}$

### 2.1.4 Kadense

- Kadense is ruspunkte in musiek soos wat kommas en punte ruspunkte in letterkunde is. Dit kom aan die einde van frases, seksies en komposisies voor.
- Daar is vier verskillende kadense (die majeure besyfering word as voorbeeld gebruik):
 

⇒ Outentieke (volmaakte) kadens (V – I)	}	Klink voltooid (soos punt)
⇒ Plagale kadens (IV – I)		
⇒ Onvolmaakte kadens (I – V, ii – V, iv – V, vi – V of $vii^o$ – I)	}	Klink onvoltooid (soos komma)
⇒ Onderbroke kadens (V – vi)		


## Oefening 2.2

Beslyfer die volgende kadense. Majeur en mineur toonsoorte moet oorweeg word.



### 2.1.5 Belangrike aspekte rakende die skryf van vierstemmige harmonie


- ⇒ Indien twee akkoorde wat op mekaar volg 'n noot in gemeen het, moet die noot verkieslik in dieselfde stem gehou word.
- ⇒ Stemme mag nie kruis nie.
- ⇒ Vermy groot spronge, veral in die sopraan en in die bas.
- ⇒ Die stemme moet melodies bevredigend wees.
- ⇒ Harmonie moet altyd beslyfer word.
- ⇒ Waak teen parallelle kwinte, oktawe en eenklanke.
- ⇒ Waak teen bedekte kwinte en oktawe tussen die sopraan en die bas. Dit kom voor wanneer beide stemme deur 'n sprong uit dieselfde rigting voorafgegaan word (Vb. 2.3 i) en ii)). Wanneer hulle vanuit dieselfde rigting benader word, maar die sopraan tragsgewys beweeg, is dit egter toelaatbaar (Vb. 2.3 iii) en iv)).



Vb. 2.3

## 2.1.9 Akkoordprogressie

Die volgende voorbeeld demonstreer verskillende toelaatbare akkoord-opeenvolgings.



Vb. 2.4

## 2.1.10 Harmoniese ritme

Die tempo waarteen akkoorde in die harmonie verander, staan as **harmoniese ritme** bekend. Die metrum, tempo en styl van 'n komposisie speel 'n belangrike rol in die bepaling van harmoniese ritme:

- ⇒ Indien die tempo vinnig is, is 'n stadiger harmoniese ritme meer gepas en vice versa.
- ⇒ Die styl: in die geval van, byvoorbeeld 'n koraal, is die harmoniese ritme meestal vinnig.
- ⇒ Die metrum: in, byvoorbeeld,  $\frac{4}{4}$  kom die akkoord verandering op die kwartmaatslae voor. Dit beteken egter nie dat daar op elke maatslag 'n akkoord verandering moet plaasvind nie.

Die aantal akkoordveranderings in 'n maat moet tot een of twee beperk word. Dit geld egter nie vir plekke waar progressies soos deurgaande progressie voorkom nie.

### **Oefening 2.5**

Harmoniseer die volgende uittreksels uit komposisies vierstemmig. Dui die toonsoort aan, sluit elke frase met 'n geskikte kadens af en besyfer alle akkoorde. Maak van primêre en sekondêre akkoorde gebruik. Hou die reëls onder punt 2.1.6 tot 2.1.9 in gedagte.

## 2.1 Nuwe kontrapuntale tegnieke

### 2.2.1 Herhaling

Dit is maklik om 'n herhaling in 'n komposisie te identifiseer. In vierstemmige werk kan 'n herhaling absoluut (toonhoogtes en ritme bly presies dieselfde) of gevarieerd wees. 'n Gevarieerde herhaling kan melodiese –, harmoniese –of ritmiese variasie insluit (Vb. 2.6).



Vb. 2.6

### 2.2.2 Sekwens


'n Sekwens is die direkte herhaling van note in dieselfde stem op 'n ander toonhoogte. 'n Sekwens kan **melodies** of **harmonies** van aard wees. "Melodiese sekwens" verwys na 'n frase of 'n gedeelte daarvan wat op 'n ander toonhoogte herhaal (Vb. 2.7 en 2.8). 'n Harmoniese sekwens beteken 'n harmoniese progressie word op 'n ander toonhoogte herhaal (Vb. 2.9 en 2.10).




Vb. 2.7 Melodiese sekwens



Vb. 2.8 Melodiese sekwens



Vb. 2.9 Harmoniese sekwens



Vb. 2.10 Harmoniese sekwens

**Oefening 2.14 (vervolg)**

*Koraal (verkort), BWV 64, J.S. Bach*

The first system of musical notation for 'Koraal (verkort), BWV 64, J.S. Bach' consists of two staves. The upper staff is a treble clef with a key signature of two flats (B-flat and E-flat) and a common time signature (C). The lower staff is a bass clef with the same key signature and time signature. The melody in the bass clef starts on G2, moves to A2, B-flat2, C3, D3, E-flat3, F3, G3, A3, B-flat3, C4, and ends on B-flat3.

The second system of musical notation for 'Koraal (verkort), BWV 64, J.S. Bach' consists of two staves. The upper staff is a treble clef with a key signature of two flats and a common time signature. The lower staff is a bass clef with the same key signature and time signature. The melody in the treble clef starts on G3, moves to A3, B-flat3, C4, D4, E-flat4, F4, G4, A4, B-flat4, C5, and ends on B-flat4.

The third system of musical notation for 'Koraal (verkort), BWV 64, J.S. Bach' consists of two staves. The upper staff is a treble clef with a key signature of two flats and a common time signature. The lower staff is a bass clef with the same key signature and time signature. The melody in the bass clef starts on G2, moves to A2, B-flat2, C3, D3, E-flat3, F3, G3, A3, B-flat3, C4, and ends on B-flat3.


*Chant National (verkort), C. Lavallée*

The first system of musical notation for 'Chant National (verkort), C. Lavallée' consists of two staves. The upper staff is a treble clef with a key signature of one sharp (F-sharp) and a common time signature (C). The lower staff is a bass clef with the same key signature and time signature. The melody in the treble clef starts on G4, moves to A4, B4, C5, D5, E5, F-sharp5, G5, A5, B5, and ends on C6.

The second system of musical notation for 'Chant National (verkort), C. Lavallée' consists of two staves. The upper staff is a treble clef with a key signature of one sharp and a common time signature. The lower staff is a bass clef with the same key signature and time signature. The melody in the bass clef starts on G2, moves to A2, B2, C3, D3, E3, F-sharp3, G3, A3, B3, and ends on C4.


# Hersiening

1. Harmoniseer die volgende progressies. Gebruik die korrekte toonsoortteken vir elke voorbeeld en besyfer alle akkoorde.



A:  $IV^6$   $I_4^6$  IV c: i  $III^6$  iv Db: I  $vii^{o6}$   $I^6$

2. Skryf die gevraagde dominantvierklanke en hul oplossingsakkoorde. Gebruik halfnote.



g:  $V_2^4$   $i^6$  B:  $V_5^6$   $vi^6$  d:  $V^7$  i f#:  $V_3^4$   $i^6$

3. Voltooi die volgende kadense en kadensiële sesvierakkoord vierstemmig:

Onderbroke kadens

Plagale kadens

Volmaakte kadens



D:  $I_4^6$  V vi a: iv  $iv_4^6$  i Eb:  $I_4^6$  V I

### Vooruitneming (antisipasie)

Wanneer 'n akkoordnoot geantisipeer word en dit dissonant met die voorafgaande akkoord klink, staan dit as 'n **vooruitneming** bekend. 'n Vooruitneming is altyd onbeklemtoond en kan diatonies (no. i)) of chromaties (no. ii)) wees.

C: V I a: V i<sup>6</sup>

Tabel 3.1

## 3.2 Nuwe akkoordvreemde note<sup>6</sup>

### 3.2.1 Die appoggiatura (leunnoot)

Die appoggiatura word gekenmerk deur 'n sprong vanaf 'n akkoordnoot, gewoonlik nie groter as 'n sesde nie, en los trapsgewys in die teenoorgestelde rigting na die volgende akkoordnoot op (Vb. 3.1). Die appoggiatura kan beklemtoond (Vb. 3.1 ii)) of onbeklemtoond (Vb. 3.1 i)), diatonies (Vb. 3.1 i)) of chromaties (Vb. 3.1 ii)) wees. Die appoggiatura kan ook as 'n versieringsnoot gebruik word. Versieringsnote word onder punt 3.4 behandel.

D: I ii<sup>6</sup> g: iv VI

Vb. 3.1

### 3.2.2 Die échappée (ontsnappingnoot)

Die échappée beweeg trapsgewys weg vanaf 'n akkoordnoot en spring dan 'n derde (soms 'n groter interval) in die teenoorgestelde rigting na die volgende akkoordnoot (Vb. 3.2). Die échappée kan beklemtoond (Vb. 3.2 ii)) of onbeklemtoond (Vb. 3.2 i)), diatonies (Vb. 3.2 i)) of chromaties (Vb. 3.2 ii)) wees.

<sup>6</sup> Slegs vir die UNISA leerplan voorgeskryf.

i) ii)

e: iv V F: I IV<sup>6</sup>

Vb. 3.2

Die volgende akkoordvreemde note is nie voorgeskryf nie. Dit is egter goed om hulle te ken. Kennis rakende hierdie akkoordvreemde note is veral belangrik vir akkurate harmonie-ontleding.




<p><b>Wisselnote</b></p> <p>Wisselnote kom tussen twee van dieselfde harmonie-note voor: die eerste harmonie-noot beweeg trapsgewys na die eerste wisselnote. Die tweede wisselnote volg op die eerste wisselnote deur 'n sprong van 'n tert in die teenoorgestelde rigting. Die tweede wisselnote los trapsgewys na die tweede harmonie-noot op.</p>	<p>Wisselnote</p>
<p><b>Nota cambiata</b></p> <p>Die nota cambiata, of net "cambiata" bestaan uit vier note (vyf as die oplossing bygereken word). Die cambiata word as volg saamgestel: 'n harmonie-noot gevolg deur 'n noot wat trapsgewys wegbeweeg, 'n tertssprong in dieselfde rigting en dan twee note wat trapsgewys in die teenoorgestelde rigting beweeg. Die laaste noot van die cambiata is 'n harmonie-noot.</p>	<p>i) ii)</p>

Tabel 3.2

### 3.3 Addisionele inligting

⇒ 'n Hulpnote kan teruggehou word (Vb. 3.3).

In Graad 5 is daar na versierings in die algemeen gekyk. In Graad 6 word daar, ter wille van die praktiese implikasie, in meer detail na versierings gekyk. Daar moet egter steeds met die tydperk waarin die komposisie geskryf is, rekening gehou word. Die verskeie versierings word in tabel 3.3 tot 3.9 bespreek. In die geval waar voorbeelde op 'n sisteem verskyn, dui die boonste notebalk die wyse van notasie en die onderste notebalk die wyse van uitvoering.

<b>Die appoggiatura</b>	
<b>Beskrywing</b>	<p>'n Klein versieringsnoot voor 'n harmonie-noot. Die appoggiatura kan 'n trap bokant of onderkant (meestal bokant) die harmonie-noot voorkom en klink dissonant teen die akkoordnote. Die appoggiatura kom op die maatslag voor en steel 'n gedeelte van die harmonie-noot se waarde. Die nootwaarde van die appoggiatura is onbelangrik.</p>
<b>Wyses van uitvoering</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Die appoggiatura beslaan helfte die waarde van 'n noot wat in twee gedeeltes kan word:           <div style="text-align: center; margin: 10px 0;">  </div> </li> <li>Die appoggiatura beslaan twee derdes van 'n gepunteerde kwartnoot en gepunteerde note groter as 'n gepunteerde kwartnoot:           <div style="text-align: center; margin: 10px 0;">  </div> </li> <li>Die appoggiatura beslaan een derde van 'n gepunteerde agstenoot en gepunteerde note kleiner as 'n gepunteerde agstenoot:           <div style="text-align: center; margin: 10px 0;">  </div> </li> </ul>

3.4 Watter versiering lyk soos die volgende voorbeeld as dit uitgeskryf word?

\_\_\_\_\_ Illustreer dit op die notebalk.

3.5 Die volgende is 'n voorbeeld van 'n \_\_\_\_\_. Skryf die versiering soos wat dit aangedui word in musiek. Maak ook van 'n geskikte tydmaatteken gebruik.

3.6 Hoe sal die volgende acciaccatura teen die aangeduide tempo's uitgevoer word?

3.7 Die volgende voorbeeld dui 'n \_\_\_\_\_ aan. Skryf die versiering uit soos wat dit gespeel moet word.

3.8 Verander die volgende kadens deur 'n uitgeskryfde appoggiatura by te voeg. Skryf die antwoord op die leë sisteem. Besyfer die gegewe voorbeeld.

## HOOFSTUK 4

# Sekondêre dominante en sekondêre leitoon-akkoorde<sup>7</sup>

### 4.1 Sekondêre dominante

In tonale musiek, musiek wat om die tonika sentreer, vorm die tonika en die tonika-akkoord die kern. Naas die tonika-akkoord is die dominantakkoord die belangrikste omdat 'n dominantakkoord wat na 'n tonika-akkoord beweeg, die sterkste bevestiging van die tonika en dus van die toonsoort is.

Wanneer 'n toontrap buiten die tonika harmonies beklemtoon wil word, kan die dominant akkoord van die betrokke toontrap net voor die akkoord gebruik word. Hierdie dominant-akkoord staan as 'n **sekondêre dominant** of **tussendominant** bekend. Die sekondêre dominant van die dominant-akkoord staan ook as 'n **wisseldominant** bekend. Aangesien 'n sekondêre dominant die dominantakkoord van 'n ander toonsoort is, moet die nodige toevallige tekens van die betrokke toonsoort aangebring word (Vb. 4.1).




G: V/ii ii V<sup>6</sup>/iii iii V<sup>6</sup>/IV IV V/V V V<sup>6</sup>/vi vi



**Besyfering van 'n sekondêre dominant:**

V van die supertonika toonsoort, dus V van A mineur.

Vb. 4.1



Enige akkoord in die loop van 'n frase kan met behulp van 'n sekondêre dominant beklemtoon word. Dit sluit egter die tonika, asook vergrote en verminderde akkoorde uit. Om hierdie rede word die verminderde leitoon-akkoord en sy sekondêre dominant nie in Vb. 4.1 aangetref nie.

'n Sekondêre dominant en sy oplossingsakkoord kan ook as 'n kadens gebruik word.

<sup>7</sup> Slegs vir die UNISA leerplan voorgeskryf.

## Oefening 4.6

Voltooi en besyfer die volgende sekondêre dominante en die akkoorde waarna toe hulle oplos. Bepaal eers die oplossingsakkoord en dan die sekondêre dominant.

e:                      B:                      g:                      D<sup>b</sup>:                      F:

b:                      A:                      c:                      F:                      E:

## 4.5 Sekondêre leitoon-akkoorde

Sekondêre leitoon-akkoorde funksioneer op dieselfde wyse as sekondêre dominante en vervul ook dieselfde doel. 'n Sekondêre leitoon-akkoord is 'n leitoon-akkoord van 'n ander toonsoort wat vir 'n oomblik geleen word. Soos in die geval van sekondêre dominante kan enige akkoord, behalwe die tonika-akkoord, asook vergrote –en verminderde akkoorde, met behulp van 'n sekondêre leitoon-akkoord beklemtoon word. 'n Sekondêre leitoon-akkoord los op dieselfde wyse as 'n sekondêre dominant-akkoord op (Vb. 4.4). Soos in die geval van 'n sekondêre dominant, word 'n sekondêre leitoon-akkoord gewoonlik as 'n vierklank geskryf. In Graad 6 is die verminderde vorm van die akkoord voorgeskryf. Dit beteken dat die akkoord op een of ander wyse chromaties gewysig word. Die verminderde vierklank op die leitoon en sy chromatiese wysiging is in Hoofstuk 1 onder punt 1.8.1 behandel.

D:                      vii<sup>o7</sup>/V                      V                      g:                      vii<sup>o6</sup><sub>9</sub>/iv                      iv<sup>6</sup>                      F:                      vii<sup>o4</sup><sub>3</sub>/ii                      ii<sup>6</sup>

Vb. 4.4

## Oefening 5.2 (vervolg)

Klaviersonate no. 1 in F mineur, derde beweging, Op. 2, maat 3-6, L. van Beethoven



f:

Trällerliedchen uit Album for the Young, Op. 68, maat 7-10, R. Schumann



C:

### 5.1 Wyses van modulاسie

Wanneer gemoduleer word, moet die nuwe toonsoort dadelik bevestig word deur die gebruik van 'n tonika-, subdominant- en dominantakkoord of ten minste 'n tonika- en dominantakkoord. Hierdie reël is van toepassing op enige toonsoort, selfs aan die begin van 'n komposisie. Aangesien die volmaakte kadens die sterkste aanduiding van toonsoort is, word dit meestal gebruik om die toonsoort te bevestig. Dit is verdermeer belangrik om so gou as moontlik 'n kadenspunt te bereik.

Modulasie kan direk of deur middel van 'n spilakkoord plaasvind. Hierdie twee metodes word hieronder bespreek.

#### 5.1.1 Modulاسie deur middel van 'n spilakkoord

Modulasie deur middel van 'n spilakkoord behels 'n akkoord wat in beide die ou en die nuwe toonsoort voorkom (Vb. 5.3).



**Oefening 5.6 (vervolg)**

*Ach bleib' bei uns, Herr Jesu Christ, C.P.E. Bach*

V<sup>6</sup>/vi  
E: vi

A:

I<sub>4</sub><sup>6</sup>

W. Dunwell

### 6.3 Voorbeeld van 'n sestienmaat melodie<sup>11</sup>

### 6.4 Riglyne met betrekking tot sommige instrumente

#### 6.4.1 Die viool

Wanneer 'n melodie vir viool geskryf word, moet die volgende aspekte in gedagte gehou word:

- ⇒ Vioolmusiek word in die G-sleutel genoteer.
- ⇒ Die G-snaar is bekend vir sy warm, ryk toon.
- ⇒ Vinnige lopies is kenmerkend.
- ⇒ Groot staccato-spronge oor verskillende snare is effektief.
- ⇒ Groot legato-spronge oor verskillende snare is moeilik uitvoerbaar.
- ⇒ Die viool se omvang (Vb. 6.2).

Vb. 6.2

<sup>11</sup> Slegs vir die UNISA leerplan voorgeskryf.

- 7.2 Bepaal al die intervalle tussen die akkoordnote van die onderste en boonste stem. Dui hulle met behulp van 'n blokhakie aan en benoem hulle langs die blokhakies.
- 7.3 Merk alle herhalings en sekwense, asook nabootsing tussen die twee stemme.

## 7.1 Betekenis van “kontrapunt”

Kontrapunt verwys na twee of meer onafhanklike melodieë wat gelyktydig gespeel word. 'n Ander term wat gebruik kan word, is **polifonie**. Om as tweestemmige kontrapunt te kwalifiseer, moet daar twee onafhanklike stemme wees. Dit beteken elke stem moet 'n bevredigende melodie op sy eie wees.

Dit is belangrik om vertikaal, maar veral **horisontaal** in tweestemmige kontrapunt te dink. Hierdie skryfwyse is in kontras met die skryf van harmonie wat hoofsaaklik **homofonies** is. Onthou, homofonie verwys na 'n melodie met begeleiding; die begeleiding dra nie veel betekenis sonder die melodie nie.

## 7.2 Tweestemmige kontrapunt met metrekking tot die invensie<sup>12</sup>

### 7.2.1 Kontrapuntale tegnieke

Voordat daar na die ontleding van sommige van Bach se invensies gekyk word, is dit belangrik om van die volgende kontrapuntale tegnieke kennis te dra:

#### Motief

In terme van 'n invensie, is 'n motief 'n kort tema wat herhaal word. Dit word verskeie kere in die komposisie herhaal en word as basis vir variasie en ontwikkeling in die komposisie gebruik.

Mozart, Klaviersonate in F Majeur, K. 332

Motief

The image shows a musical score for Mozart's Klaviersonate in F Major, K. 332. The score is in 3/4 time and F major. The right hand (treble clef) features a motif starting with a forte (f) dynamic, followed by a piano (p) dynamic. The motif is a sequence of eighth notes: F4, G4, A4, B4, C5, B4, A4, G4. This motif is repeated in the right hand. The left hand (bass clef) provides accompaniment with a piano (p) dynamic, consisting of a steady eighth-note bass line: F3, G3, A3, B3, C4, B3, A3, G3.

#### Kontramotief

Hierdie term verwys na vrye melodiese materiaal wat die motief (tema) van 'n invensie begelei. Bach gebruik meestal dieselfde kontramotief as kontrapuntale teenstelling met die motief.

<sup>12</sup> Slegs vir die UNISA leerplan voorgeskryf.

Bach, *Invention No. 1*, BWV 772



**Omkeerbare kontrapunt (dubbelkontrapunt)**

Die **stemme** word omgeruil.

Bach, *Invensie no. 7*, maat 1-8, BWV 778



**Kreeftegang (trugang)**

Melodiese materiaal word agteruit geskryf.



**Stretto**

Nabootsing van 'n motief voordat dit eindig.

Bach, *Invensie no. 7*, maat 11-12, BWV 778



**7.2.2 Samestelling van die invensie (vinding)**

'n Invensies is 'n kort kontrapuntale klavierbordwerk wat op 'n melodiese motief (tema) gebaseer is. Die doel van die invensie is om vir harmoniestudente te leer hoe 'n motief gebruik en ontwikkel kan word om 'n hele komposisie tot stand te bring. Sommige invensies het meer as een motief. Dit word gekenmerk deur 'n aanvangsmotief wat teen 'n oktaaf en soms 'n vyfde in 'n ander stem beantwoord word. Die motief en die antwoord kan effens, met een of twee note, oorvleuel. Bach se invensies begin óf met 'n motief óf met 'n motief en gelyktydige kontramotief. Na een of twee stellings van die motief in die tonika toonsoort, vind modulاسie na die dominant toonsoort plaas waarin 'n verdere een tot twee stellings van die motief

## 7.4 Ontleding van Bach se Invensies no. 1-8<sup>14</sup>

### Invensie 1

**Uiteensetting** (Measures 1-4): C major. Motief (M), Kontramotief (KM), Omkering: M, Sekwens (S). Vergroting: eerste 4 note van M.

**Middel-intrede** (Measures 4-8): G major. M (buiten laaste noot), Episode, Omkering: M (buiten laaste noot), Middel-intrede, M (buiten laaste noot), KM.

**Middel-intrede** (Measures 8-12): D major. M (buiten laaste noot), Episode, Omkering: M (maat 8), Vergroting: M (eerste 4 note van M), KM materiaal, S, Omkering: M, S.

**Middel-intrede** (Measures 12-15): F major. Vergroting: M, S, Omkering: M (buiten laaste noot), M (buiten laaste noot), Nuut, Omkering: M, M (buiten laaste noot), Nabootsing, M (buiten laaste noot).

**Afsluitingseksie** (Measures 19-24): C major. M (buiten laaste noot), S, M, M, Omkering: M.

<sup>14</sup> Slegs vir die UNISA leerplan voorgeskryf. ABRSM kandidate word egter aangeraai om van die invensies te ontleed om 'n beter begrip van die skryf van tweestemmige kontrapunt te verkry.

## HOOFSTUK 8

# Musiekgeskiedenis<sup>16</sup>



Voordat die verskillende tydperke en hul komponiste bespreek word, is dit belangrik om te beseft dat elke komponis wat behandel word 'n ryk musiek-erfenis nagelaat het. Daar word egter net een van die genres behandel waarin die komponis 'n besondere bydrae gelewer het.

### *Die Baroktydperk (1600-1750)*

#### Algemene kenmerke<sup>17</sup>

- Die Baroktydperk word deur 'n hoogs ornamentele styl gekenmerk. Gevolglik is die musiek ryk aan versierings soos die triller, acciaccatura en mordent. Hierdie styl word ook in ander kunsvorme en argitektuur van die tyd aangetref.
- In kontras met die Renaissance, wat die Barok voorafgegaan het, word dissonansie en chromatiek meer gereeld in die musiek aangetref.
- Die gebruik van die tonale stelsel wat uit majeure en mineure bestaan, is 'n belangrike eienskap van die tydperk. Die modale stelsel wat uit modusse bestaan, is voor dit gebruik.
- Die baspartij is deur nommers en simbole aangedui en staan as die basso continuo of besyferde bas bekend (Vb. 8.1). Die baspartij is deur instrumente soos die klavesimbel, tjello, luit en orrel gespeel.



Besyferde bas { 9 6 6 6 6 5 6 9 6 6 6 6 5

Vb. 8.1

<sup>16</sup> Hoofsaaklik vir die UNISA leerplan voorgeskryf. ABRSM kandidate moet bekend wees met die algemene kenmerke en genres van elke tydperk. Hierdie hoofstuk is nie op Trinity Guildhall kandidate van toepassing nie.


<sup>17</sup> Algemene kenmerke van die verskillende periodes nie vir UNISA voorgeskryf nie.

#### iv. Köchel se katalogus

Mozart se werknommers begin met “K.” of “KV.” wat vir Ludwig von Köchel wat Mozart se werke gekatalogiseer het, staan. Die Duits vir Köchel-katalogus is “Köchel Verzeichnis”.

#### v. Stylistiese kenmerke van Mozart se operas

- Mozart het die konvensionele Italiaanse –en Duitse opera hervorm.
- Sy operas toon ‘n nuwe benadering tot die hantering van aksie; die funksie van die aria, duet of ensemble is om ‘n situasie uit te beeld en nie bloot daarop kommentaar te lewer nie.
- Mozart maak van singspiel gebruik.



#### Ludwig van Beethoven (1770 – 1827) en die simfonie

##### i. Die simfonie

‘n Simfonie is ‘n uitgebreide orkeswerk wat in die Klassieke tydperk uit vier bewegings bestaan. Die bewegings is as volg:

1. Vinnig (sonatevorm)
2. Stadig (driedelige vorm of tema met variasies)
3. Matige –of vinnige tempo (menuet en trio of scherzo en trio)
4. Vinnig (dikwels rondo- of sonate-rondovorm).

##### ii. Rondovorm

Rondovorm bestaan uit ‘n herhalende tema wat deur ander temas afgewissel word. Die ander temas staan as **koeplette** bekend. Om as ‘n rondo geklassifiseer te word, moet die terugkerende tema ten minste **drie keer** in die komposisie voorkom. Die struktuur van ‘n rondo is as volg:

A	B	A	C or B	A
Rondotema	Koeplet 1	Rondotema	Koeplet 1	Rondotema

##### iii. Sonatevorm

Sonatevorm bestaan uit drie seksies: ‘n uiteensetting, ontwikkeling heruiteensetting. Soms word die uiteensetting deur ‘n inleiding voorafgegaan. ‘n Voorbeeld van sonatevorm is die eerste beweging uit *Sonate in G*, op. 79.


## HOOFSTUK 9

# Harmoniese analise

### Afbakening van die verskillende leerplanne

<b>UNISA</b>	Harmoniese analise van 'n komposisie met betrekking tot toonsoorte, modulاسies, akkoordprogressies, akkoordvreemde note, kadense en sekwense.
<b>ABRSM</b>	Dieselfde as UNISA met byvoeging van vrae oor frasing, realisering van versierings, styl, uitvoering en die instrumente waarvoor die komposisie geskryf is.
<b>Trinity Guildhall</b>	Beskrywing van die tekstuur as homofonies, polifonies, nabootsend, dig of deursigtig. Variasie en versiering van die melodie, harmonie, dinamiek en tekstuur moet ook geïdentifiseer kan word.

### 9.1 Belangrike begrippe met betrekking tot harmoniese analise

<b>Tekstuur</b>	Die funksie van individuele stemme en die wyse waarop hulle saam beweeg. Die tekstuur kan as homofonies of polifonies, dig of deursigtig beskryf word.
<b>Homofonie</b>	'n Melodie met begeleiding. Die begeleiding dra nie veel betekenis sonder die melodie nie.
<b>Polifonie</b>	Twee of meer onafhanklike melodieë wat gelyktydig gespeel word.
<b>Nabootsing</b>	Die herhaling van 'n motief of melodie in 'n ander stem. Nabootsing kan op dieselfde toonhoogte of 'n ander toonhoogte plaasvind. Nabootsing kan ook ietwat gevarieerd wees.
<b>Pedaal(punt)</b>	<p>'n Noot of herhalende noot in die onderste stem wat teen veranderende harmonie in die boonste stemme aangehou word.</p> <p><i>Fuga in C mineur uit The Well-Tempered Clavier, maat 28<sup>4a</sup>-31, J.S. Bach</i></p>  <p>Pedaalpunt</p>

9.1.3 Beantwoord die volgende vrae met betrekking tot die uittreksel uit *Sonate XII, Ciacona* op bladsy 156:

- a) Watter een van die volgende komponiste is mees moontlik die komponis van die musiekuitreksel hieronder? Omkring die regte antwoord.

Beethoven                      Corelli                      Chopin

Gee twee redes vir jou antwoord.

---

---

- b) Wat beteken die volgende terme?

Largo                      \_\_\_\_\_

Allegro                      \_\_\_\_\_

Cembalo                      \_\_\_\_\_

- c) Merk **een** voorbeeld van elkeen van die volgende beskrywings met behulp van die aangeduide hoofletter. Skryf die maatnommer(s) waar die voorbeeld verskyn, neer.

**A** Nabootsing tussen verskillende stemme in maat \_\_\_\_\_.

**B** Herhaling in maat \_\_\_\_\_.

**C** Variasie in dieselfde stem in maat \_\_\_\_\_ en \_\_\_\_\_.

- d) Gee 'n voorbeeld van elkeen van die volgende akkoordvreemde note deur na maat- en maatslagnummers te verwys:

Deurgangsnoot                      \_\_\_\_\_

Terughouding                      \_\_\_\_\_

Onderhulpnoot                      \_\_\_\_\_

- e) Wat word die syfers onder elke sisteem genoem, wat dui dit aan en watter instrument(e) gebruik dit? \_\_\_\_\_

---

---

- f) Is die komposisie met –of sonder toonsoortteken geskryf? \_\_\_\_\_

- g) Die eerste modulatie vind vanaf maat \_\_\_\_ plaas en moduleer na \_\_\_\_\_.
- h) Omkring 'n voorbeeld van 'n verminderde kwint. Hierdie interval kom in maat \_\_\_\_ voor.
- i) Is die tekstuur polifonies of homofonies? \_\_\_\_\_

*Ciacona.*

*Largo.*

Violino I.

Violino II.

Violone,  
e Cembalo.

6 6 4 #

6 6 6 5 # 6 7 5 7 9 4

*Allegro.*

6 9 8 7 6 5 4 # 6 7 6

2

0 4 # 6 7 8

## Oefening 9.2

Beantwoord die vrae na aanleiding van die volgende komposisies. Hierdie oefening is spesifiek op UNISA kandidate van toepassing.


9.2.1 Beantwoord die volgende vrae met betrekking tot die uittreksel uit *Sonata in A*, K. 331 deur Mozart op bladsy 162.

- a) Voltooi die volgende tabel wat maat 12-15 voorstel deur die akkoorde en hul posisies neer te skryf.

Maat 12						Maat 13						Maat 14						Maat 15					
Maatslag 1			Maatslag 2			Maatslag 1			Maatslag 2			Maatslag 1			Maatslag 2			Maatslag 1			Maatslag 2		
1	2	3	4	5	6	1	2	3	4	5	6	1	2	3	4	5	6	1	2	3	4	5	6

- b) Doen 'n ontleding van die frasestruktuur en kadense van die tema. Illustreer dit hieronder. Sluit maat- en maatslagnummers in waar nodig. Die aanvang word gegee. **Nota:** In 'n UNISA vraestel moet die puntetoekening geraadpleeg word om te bepaal hoeveel detail gegee moet word.

Frase 1: Maat 1-4



- c) Dui alle sekwense op die partituur met 'n blokhakie aan. Skryf bokant die blokhakie "sekwens", gevolg deur die maatnommer (en maatslagnummer indien van toepassing) van die motief waarvan dit 'n sekwens is.
- d) Gee 'n voorbeeld van elkeen van die volgende akkoordvreemde note deur na maat- en maatslagnummers te verwys:

Appoggiatura \_\_\_\_\_

Deurgangsnoot \_\_\_\_\_

Bohulpnoot \_\_\_\_\_